PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

30 Julie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za



Indien jy vanoggend 'n ***besoeker*** by Hoogland is vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.

Indien u 'n ***nuwe intrekker of -lidmaat*** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter na afloop van die erediens voor by die preekstoel. Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Eluthandweni

Program vir die Week:

Maandag: 31 Julie
10:00 Gebedsaksie in Kapel

Dinsdag: 1 Augustus
18:00 *Unlocking the Bible* - kursus saam met Paul Stoltz in die Raadsaal

Woensdag: 2 Augustus
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 3 Augustus
09:00 Bedienings-oggend
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 4 Augustus
05:15 Mannebediening

BAIE DANKIE ...

vir elke "gebakte" bydrae wat ontvang is vir MTR Smit se basaar!

Elke bydrae is 'n stille getuienis van Hoogland se waarde van DIENSBAARHEID!!!

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Baba geriewe

Hoogland benodig 'n lekker gemak-stoel vir mammas wat wil sit en voed.

Indien jy kan help, gesels gerus met Leandra of Ds Sunell.

Hoogland bid vir jou!

Enige gebedsversoeke kan met 'n Whatsapp-boodskap gestuur word na:
079 815 9325

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

Di Pieter en Sunell nooi alle bedieningsleiers en -lede vir 'n saamkuier en lekker gesels oor watter rigting *Hoogland se waardes* wys vir die bedieninge waar God elkeen gebruik.

Wanneer ?
Donderdag, 3 Augustus om 09:00
in die Saal

RSVP asseblief @ 1 Augustus by Annalize in die Kerkkantoor of reageer per WhatsApp na 079 815 9325 .

Erediensbediening

Hoogland se Erediensbediening is 'n groep vrywilligers wat weekliks, op 'n ro - terende basis, help by verskillende fasette van die erediens.

Hoogland beleef tans 'n tekort aan hande vir die opneem van dankoffers tydens die Erediens en die bediening van koffie Sondae ná die erediens.

Gesels gerus met Leon of Leandra as die Here jou hier wil gebruik.

Hoogland Noodspens

Hoogland se Noodspens is weer onder druk om te voorsien in die groot aan- vraag na ietsie om te eet. Help asseblief!

Dringende benodigdhede:

Toiletware: tandepasta / seep / sjampoe
Kos: *White Star* kits mieliemeel pap / imana soya maalvleis pakkies / blikkies *baked beans* / blikkies vis (*tuna)* / 2 min noedels / konfyt / suiker (250g) / grond- boontjiebotter / ens.

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

Waarde reeks #2

Liefde vir God, ons naaste en omgewing

Liefde is...

Gesels saam (of oordink op jou eie)

Hoe sal jy / julle liefde beskryf?
(Vra gerus ook die kinders hoe hulle liefde sal beskryf?)

Kan jy/julle onthou wat die drie woorde vir liefde beteken?

Filos-liefde:_____
Eros-liefde: _____
Agape-liefde: _____

LEES die volgende gedeeltes en dink / gesels hoe dit God se liefde beskryf:

- Johannes 3:16
- 1 Korintiërs 13 (die hele hoofstuk)
- 1 Johannes 4:7-21

"God het ons lief net soos ons is, maar Hy het ons te lief om ons te los soos ons is." (Leigton Ford)

Wanneer ons na God se liefde (agape-liefde) kyk in die Bybel, wys dit vir ons die rigting hoe ons moet liefhê in alle areas van ons lewe. Maak nie saak hoe jonk of oud ons is nie, ons kan ALTYD nog groei in God se liefde.

Waarde-oefening vir die week

Oefen dit hierdie week om elke dag net vir 2 minute jou dag te evalueer: waar en hoe het liefde vir 1) God, 2) my naaste en 3) die omgewing my optrede / woorde / denke van koers laat verander?

Sien volgende week...